

11578

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPELAFDELING)

Insake:

JAN JOHANNES VAN DER MESCHT

.... Appellant,

en

DIE STAAT

.... Respondent.

Coram: Steyn H.R., Hoexter, Van Blerk, Botha A.RR., et

Van Winsen Wn. A.R.

Verhoordatum: 15 Junie 1961. Leweringsdatum: 28 de November 1961

U I T S P R A A K

STEYN H.R.:

In die Hof a quo het die appellant tereggestaan op aanklagte van onwettige besit van onbewerkte edel metaal, nl. 'n hoeveelheid goudbevattende amalgaam, 'n hoeveelheid onbewerkte goud en 'n hoeveelheid goudbevattende sand, en van strafbare manslag. Wat die besit van die onbewerkte edel metaal betref, het hy skuldig gepleit en is gestraf. Wat die strafbare manslag betref, is dit hom ten laste gelê dat hy op 30 Mei 1959 'n sekere Arie Groesbeck en ^{syne} ~~vir~~ kinders "wederregtelik doodgemaak het". Hierop het hy onskuldig gepleit maar is skuldig bevind en veroordeel tot twaalf maande gevangenisstraf. Teen hierdie skuldigbevinding en

straf/2

straf kom hy in hoër beroep.

Die feite is kortliks dat die appellant en Arie Groesbeek op genoemde datum in laasgenoemde se woonhuis goudbevattende amalgaam op 'n stoof tot smeltpunt verhit het met die doel om die goud daaruit af te skei, dat die amalgaam deur die verhitting kwikgas afgegee het en dat Arie Groesbeek en vier van die kinders wat in die huis was, deur die kwikgas gedood is.

Die skuldigbevinding berus op twee gronde. Die verhoorregter het nl. bevind beide dat die dood van die oorledenes aan die appellant se nalatigheid te wyte is en dat hul dood veroorsaak is deur 'n onwettige daad van die appellant, nl. die smelt van die goudbevattende amalgaam sonder die nodige vergunning.

Met verwysing na die appellant se beweerde nalatigheid merk die verhoorregter op:

" He was doing an act which he realised was dangerous,
" although he did not realise the extent and the nature of the
" danger. Now I must ask myself the question whether a
" reasonable man, faced with such a position, should not
" have ascertained the exact nature of the danger before
" attempting the operation. He was going to do something
" that was dangerous to the extent that he believed gas masks

should be.../ 2(a)

" should be used, but nevertheless he does nothing to prevent
" injury to others, or to enquire what the nature of the danger
" is. It is possible that the accused thought there would be
" some pungent odour which would warn him of the dangers and
" thus enable him to cease the operation. Instead there was
" apparently no such warning odour and the damage was done
" without the accused being aware of it. It seems to me that
" a reasonable man, dealing with something of which

he had ... / 3

" he had little experience, but which he believes to be
" dangerous should first have ascertained the nature of
" the danger and so have enabled him to take steps to
" prevent it. The accused failed in this respect. He
" took no steps at all. "

Vervolgens kom die verhoorregter tot die gevolg-
trekking dat die daad nie alleen onwettig was nie maar ook
op 'n nalatige wyse verrig is.

Appellant se advokaat het betoog dat appellant
nie op grond van nalatigheid vir die dood van die oorledenes
verantwoordelik gestel kan word nie tensy hy as redelike persoon
kon en moes geweet het dat sy daad tot hul dood kon lei. Die
vraag is dan of buite redelike twyfel bewys is dat daar wel
'n sodanige skuldverband tussen appellant en die ingetrede
gevolge bestaan.

Dat kwikgas/4

Dat kwikgas deur die verhitting van die amalgaam vrygestel is en dat die vrygestelde hoeveelheid inderdaad dodelike gevolge gehad het, staan buite twyfel. Uit die getuienis blyk egter dat kwikgasvergiftiging, in Transvaal altans, 'n heel seldsame verskynsel is. Die eienskappe en uitwerking van die gas is minder bekend. Volgens Dr. Flax, die distriksgeheesheer, sou hy nie verwag dat die gemiddelde persoon ("an average person") sou weet dat die verhitting van kwik noodlottige gevolge sou kan hê nie. Hoewel geen getuienis daaromtrent afgelê is nie, kan dit aanvaar word, meen ek, dat die bekendheid van die feit dat hierdie bepaalde amalgaam kwik bevat wat in die vorm van 'n gas deur verhitting uitgedryf sal word, nie hoër dan dit aangeskryf kan word nie. Met die oog hierop sou dit kwalik ~~nooit~~ te regverdig wees om kennis van die een of die ander, of nalatigheid indien hy geen gevaar vermoed nie, aan die bonus paterfamilias toe te skryf. Wat dus bepaal moet word, is die kennis waaroor die appellant self inderdaad beskik het, of kon en moes beskik het. Daaromtrent is in die getuienis wat die Staat voorgelê het, weinig te vind.

Dit blyk dat die appellant by die Durban-Roodepoort goudmyn in diens was. Aanvanklik het hy in die stampmeul gewerk maar vanaf 20 tot 30 April was hy werksaam in ~~die~~ 'n vertrek /5

vertrek wat as amalgaam-kamer beskryf word. Dit is die vertrek waarin 'n amalgaam van goud en kwik sonder verhitting gevorm word. Wat die kwik in hierdie vertrek betref, getuig Mnr. Inglis, 'n mynbeampte, dat die hantering daarvan geen gevaar van verdamping en gevolglike vergiftiging oplewer nie. Uit hierdie vertrek word die amalgaam verwyder na 'n smeltoond ongeveer 500 tree daarvandaan, waar die kwik uit die amalgaam verwyder word, maar die oond is so ingerig dat ook daar geen gevaar van kwikgasvergiftiging bestaan nie. Geen verdere voorsorg teen sodanige vergiftiging is nodig of word getref nie. Sommige werkers dra daar beskuttings met 'n bril daarin ("protective shields with glasses"), maar dit is ter beskerming teen hitte wanneer die oondoopgemaak word.

Uit hierdie getuienis - en daar is geen ander deur die Staat voorgelê insake die appellant se kennis ^{van} ~~insake~~ kwik nie - kan nie afgelei word dat hy bewus moes gewees het van die gevaarlike eienskappe van kwikgas nie. Dit is selfs nie bewys dat die betrokke amalgaam kenlik die soort is waarmee hy in hierdie vetrek ^Lvetroude geraak het ~~nie~~ en dat hy daarom moes geweet het dat dit kwik bevat nie.

Die enigste getuienis waarop die Staat steun, is dié van die appellant self onder kruisverhoor. In hoofsaak is dit die volgende:

" Jy sê jy het Mnr. Groesbeek gesê dat jy baie hitte

" nodig het om die goed mee af te skei ? ---- Nee.

" Het jy vir kom gesê dat 'n koolstoof nie genoegsaam

" daarvoor is nie ? ---- Ja. Die mense wat geweet het

" het my gesê dat dit baie hitte nodig het, maar ek self

" het dit nie geweet nie.

" En die kêrels het seker ook vir jou gesê dat daar

" gas afkom, dat hulle gasmaskers gebruik ? ---- Nee hulle

" het nie; ek het my eie opinie gevorm dat jy moet 'n gasmasker

" hê.

" Waarom het jy dit gedink ? ---- Kyk, as jy daardie

" goed wil smelt dan moet dit seker 'n damp of soiets afgee.

" Jy was bang daarvoor ? ---- Ek was nie eintlik

" bang nie maar dit was my opinie daaromtrent. "

Die feitlike grondslag vir hierdie ondervraging blyk nergens uit die getuienis nie, en dit bevat geen uitdruklike erkenning nie van 'n bewustheid van 'n aan die appellant onbekende gevaar, of van moontlike lewensgevaar. Die werklike inhoud van sy kennis kan moeilik nader uit sy verdere onbevredigende getuienis bepaal word en kan hoogstens afgelei word uit wat hy erken het.

Die juiste strekking van wat hy erken het, staan

na my mening/7

na my mening ook nie buite twyfel nie. Op 'n later stadium in sy getuienis het hy sy antwoorde in die aangehaalde passasies probeer verduidelik of ontwyk deur te kenne te gee dat 'n masker nie juis vir gas nodig sou wees nie, maar slegs vir die hittegloed. Sy getuienis laat die vrag ontstaan of hy met sy verwysings na maskers, inderdaad bedoel het om 'n verskil te trek tussen wat hy 'n gasmasker noem en ander maskers of beskuttings. Op die vraag of hy vir Groesbeek gesê het hulle moet gasmaskers gebruik, antwoord hy bevestigend en voeg dan by "ek het gesê hulle moet sekere maskers gebruik vir die hitte." Dit wek die indruk dat volgens sy uitdrukkingswyse ~~laasbedoelde~~ laasbedoelde maskers ook gasmaskers genoem kan word. Daarby spreek sy vae verwysings na "n damp of soiets" van onsekerheid omtrent wat die verhitte amalgaam werklik sou afgee. Hierdie woorde sou egter 'n gas van 'n aan hom onbekende aard insluit, en in die samehang sou dit 'n gas kan wees waarteen een of ander beskutting, wat hyself 'n gasmasker noem, na sy mening nodig sou gewees het. So beskou, sou sy getuienis prima facie neerkom op 'n erkenning dat hy bewus was van die moontlikheid dat een of ander gas waarteen dit nodig kan wees om die smelters te beskerm, deur die verhitting uitgedryf kan word. Maar ook dan sou dit nog nie vanself spreek dat hy 'n beskutting in gedagte gehad het teen wat 'n redelike persoon

as 'n aan hom heeltemal onbekende en daarom moontlik lewens-
gevaarlike uitwerking sou beskou het nie. Dit sou ook 'n
beskutting teen 'n verwagte verbygaande uitwerking van die
gas kan wees. Met die oog op hierdie oorwegings sou ek aarsel
om te bevind dat bedoelde erkenning 'n ondubbelsinnige en
duidelike erkenning is van 'n bewustheid van 'n ~~yn~~ onbekende
moontlike gevaar van so 'n aard dat hy daarop bedag moes gewees
het dat dit lewensgevaar sou kan insluit en daarom die nodige
voorsorg moes getref het om lewensverlies^e te vermy. Dit wil
my voorkom dat sy getuienis nie onbestaanbaar is nie met 'n
verwachting van moontlike skadelikheid van 'n minder ernstige
omvang met uitsluiting van enige noemenswaardige moontlikheid
van lewensverlies. Hy verklaar~~e~~ trouens dat hy nie eintlik
bang was vir die "dampe of soiets" wat die amalgaam sou kan
afgee nie. Dit is nie onbestaanbaar met die voorafgaande
erkenning nie. By ontstentenis van verdere gegewens omtrent
die appellant se mening is dit moeilik om te bevind dat 'n
redelike persoon met dieselfde kennis 'n moontlike skadelikheid
van meer ernstige omvang sou voorsien het. Die strekking van
die appellant se getuienis ~~as~~ ^ybegevolg nie van so 'n aard dat
dit, indien dit gepaard gegaan het met 'n erkenning dat sy
bedrywigheid met die amalgaam die dood van die oorledene

veroorsaak het,/9

veroorsaak het, sonder meer as 'n pleit van skuldig aanvaar sou kan geword het nie.

In die sin van so 'n mindere skadelikheid verstaan, sou die appellant se erkenning ook beter te rym wees met sy gedrag na die verhitting van die amalgaam. Groesbeek was getroud met die dogter van die stiefbroer van die appellant se vrou, en die twee gesinne het blykbaar op 'n vriendskaplike voet met mekaar verkeer. Aan die moontlike gevaarlike of skadelike uitwerking van gasse het hy nie slegs die Groesbeek-gesin /nie, maar ook homself, sy vrou en sy twee eie kinders blootgestel. Dit was die Saterdagmiddag. Dieselfde aand reeds het die meeste van die persone in Groesbeek se huis siek geword, ook die appellant en sy gesin. Sommige was so siek dat 'n geneesheer ingeroep is. Hy verklaar dat almal dieselfde simptome getoon het. Hy het navraag gedoen en tot die gevolgtrekking gekom dat hul voedselvergiftiging onderlede het. Aan gasvergiftiging het hy nie gedink nie. Groesbeek en een van sy kinders het hy dieselfde nag na die hospitaal laat neem. Later - dit blyk nie duidelik nie, maar vermoedelik die volgende dag - is die appellant self, met sy vrou en twee kinders na die hospitaal. Daardie Sondag is Groesbeek en sy seun weer terug na sy huis, maar die volgende dag het sy

toestand en dié van twee van sy kinders versleg en die dag daarna, d.w.s. op 2 Junie, is hy oorlede. Op 3 Junie het sy dogter Hester beswyk. Dit was eers op 4 Junie dat die geneesheer verdere inligting ontvang het wat hom op die spoor van kwikvergiftiging gebring het. Dit blyk nie van wie hy die inligting gekry het nie. Volgens die appellant het hy op geen stadium "in die minste gedink" dat kwik die oorsaak van die siekte is nie. Sy vrou verklaar dat hulle gereken het dit is voedselvergiftiging en dat hulle "nie die minste suspisie gehad het" dat dit miskien kwikgas kon gewees het wat die mense so siek gemaak het nie.

Die verhoorregter merk tereg op dat die appellant onder kruisverhoor 'n heel onbevredigende getuie was. Vir sover sy getuienis daarop neerkom dat hy by die verhitting van die amalgaam geen besef van lewensgevaarlikheid gehad het nie, aanvaar die verhoorregter egter sy getuienis, op grond van die omringende omstandighede, naamlik, die aanwesigheid tydens die verhitting van sy eie vrou en kinders en dié van Groesbeek. Oor die aanneemlikheid of andersins van die appellant se getuienis insake sy mening omtrent die oorsaak van die siekte, met die oog op die omstandighede wat ek genoem het, laat die verhoorregter hom nie uit nie, en ook nie oor die geloofwaardigheid van..../11

heid van sy vrou nie.

Indien/die appellant was wat bedoelde inligting verstrek
dit
het, dan het hy geswyg tot 4 Junie, d.w.s. tot na Groesbeek
en sy dogter se dood, en terwyl hyself, sy vrou en sy twee
kinders intussen in die hospitaal was as gevolg van dieselfde
siekte. Dit wil my voorkom dat dit minder waarskynlike gedrag
is vir 'n persoon wat uit die staanspoor daarvan bewus was dat
die amalgaam 'n onbekende gas kan afgee wat moontlik ernstige
gevaar kan oplewer. Hy het natuurlik belang daarby gehad om
die onwettige smeltery dig te hou, en die geneesheer se diagnose
kon hom ook minder besorg oor moontlike gasvergiftiging laat
voel het, maar selfs as dit inaggeneem word, sou nogtans ver-
wag kan word dat hy, toe die geneesheer navraag gedoen het
omtrent wat hul geëet het of daarna toe dit blyk hoe ernstig
die vergiftiging is, die geneesheer van die smeltery van die
amalgaam sou vertel het. Indien hy aanvanklik reeds 'n onbekende
en potensieel gevaarlike of 'n werklik gevaarlike gas vermoed
het, kon hy nouliks gemeen het dat dit as oorsaak ~~§~~ van hul
almal se sorgwekkende siekte met enige gerustheid uitgeskakel
kan word. En as dit nie sy mening was nie, sou dit ongewone
en onmenslike gedrag gewees het om te swyg.

na my mening
Om hierdie redes kan daar/ nie in die appellant se getuie-
nis, of in wat hy erken het, met voldoende sekerheid uitsluitsel

omtrent sy beweerde nalatigheid gevind word nie. Onder genoemde omstandighede bewys dit nie buite redelike twyfel dat hy nalatig was nie.

Daar bly dan die ander grond waarop die skuldigbevinding berus, nl. die onwettige daad waardeur die appellant die dood van die oorledenes veroorsaak het. Hoewel die verhoor-regter nie daarna verwys nie, sou die onwettigheid van die daad blyk uit Reglement 65(3) van die Reglemente by Proklamasie No. 18 van 1914 kragtens Arts. 32 en 106 van Transvaalse Wet No. 35 van 1908 op 16 Januarie 1914 afgekondig. Die toepaslike deel van die Reglement lees as volg:

- " Niemand zal goudbevattende stof smelten
- " onverschillig of zodanige stof bewerkt of onbewerkt is,
- " tenzij hij de houder is van een juwelierspermit, en verder
- " zal geen zodanig persoon tegen enige tijd stof bevattende
- " meer dan twee onsen goud (troy gewicht) smelten
- " onverschillig of zodanige stof bewerkt of onbewerkt is,
- " zonder geschreven toestemming van de politie officier
- " gesteld over een distrikt of post. "

Volgens Reglement 65(4) kan so 'n juwelierspermit deur die belastinggaarder in enige distrik uitgereik word, maar hy mag dit nie doen nie tensy die Kommissaris van ^oPlisie sertifiseer dat die aansoeker 'n geskikte persoon is om so 'n permit te

besit.

Namens die appellant is betoog dat daar geen bewys is dat hy nie so 'n permit besit het nie, en dat ~~hy~~ nóg Art. 288(1) nóg Art. 315 (2) (b) van die Strafproseswet 1955 van toepassing is, omdat hy nie van oortreding van Reglement 65 (3) as sulks aangeklaaf is nie. Dit wil my egter voorkom dat ~~daar/volgende~~ uit die gegewens ~~is/waar/van~~ afgelei ~~kan~~ moet word dat die appellant nie in besit van so 'n permit was nie. Dit word nie betwis dat hy die amalgaam onwettig besit het nie. Dit is heel onwaarskynlik dat hy in sy omstandighede die Kommissaris van Polisie van die teendeel sou kon oortuig het en van hom die nodige sertifikaat vir 'n juwelierspermit sou verkry het; en dit is nouliks denkbaar dat hy sou probeer het om dit te doen.

Die vraag is of die appellant tereg, sonder bewys van nalatigheid, aan strafbare manslag skuldig bevind is, bloot omdat hy deur 'n onwettige handeling die dood van die oorledenes veroorsaak het. Daar is uitsprake van ons howe, ook van hierdie Hof, wat daarop 'n bevestigende antwoord gee. Onder hulle is R. vs. Matsepe 1931 A.D. 150 die belangrikste.

In ^hhierdie saak was die appellant aan strafbare manslag skuldig bevind omdat hy deur die nalatige bestuur van 'n vragmotor ~~is~~ 'n seun wat agter op die motor was, verongeluk het.

Hoewel Matsepe bewus was van twee ander persone, Johannes en Stephen, wat saam met hom in die motor was, het hy nie geweet van die seun nie. Terwyl hy die motor bestuur het, het hy 'n omgekyk na ander persone in die straat en op die manier met 'n boom gebots, met dodelike gevolge vir die seun. Die Hof moes hom uitspreek oor die volgende voorbehoue regspraak:

"Whether the accused could be found guilty of culpable homicide due to his negligence where it was found as a fact by the jury that the deceased was a trespasser on the lorry and that the accused had no knowledge of his presence at the time of the accident." By die behandeling van hierdie vraag sê ^{Hofregter} De Villiers H.R. (op bls. 155) :

" Accused admittedly owed a duty to Johannes and to Stephen
" to drive carefully and if either of them had been killed ~~in~~
" in the collision with the tree it is obvious that the accused
" would have been guilty of manslaughter as his negligence
" would have been the direct cause of the death. But it was
" urged that there was no similar duty towards the child and
" that, although the way the accused drove was the direct cause
" of the death, he is not liable in law. Now whatever a man's
" liability civilly may be, I have looked in vain for authority
" for this proposition. On the contrary all the authorities

" are agreed.../ 14

" are agreed that if a person is engaged in an unlawful act
" and kills another he is liable for culpable homicide. "

Die regspraak is ten gunste van die Staat uitgewys met die
verdere motivering (op bls. 156):

" As the accused in driving as he did, was clearly engaged
" in an unlawful act, or at all events in doing a lawful act
" in an unlawful manner, it is no answer to say that he did
" not know or could not have known that the child was on the
" wagon. This view makes it unnecessary to consider the
" effect of Sec. 10, Ordinance 7 of 1914, Orange Free State,
" which makes it an offence to drive a motor car 'recklessly
" or negligently' upon a public road. "

Terloops kan opgemerk word dat, indien die bepaling in die
Ordonnansie uitgeskakel word, dit nie duidelik is presies waar-
uit die onwettige daad bestaan het nie. Vermoedelik het die
Hof in gedagte gehad dat ~~Matsepe~~ deur sy nalatige bestuur
of vir hulle en sy werkgewers se oortuig
in gevaar vir Johannes en Stephen geskep het. Maar waarin dit
ookal gevind moet word, die uitspraak kom hierop neer dat hy
wat 'n onwettige daad verrig - die aard waarvan nie nader
omskryf word nie - wat 'n ander se dood veroorsaak, aan straf-
bare manslag skuldig is, al kon hy nie die dood voorsien nie,
d.w.s. sonder enige skuldverband tussen die dader en die

gevolge waarvoor hy aanspreeklik gestel word. Eintlik is dit geen direkte antwoord op die voorbehoue regspraak nie, nl.

" Whether the accused could be found guilty of culpable homicide due to his negligence", maar dit is die strekking van die uitspraak.

'n Ander saak waarna ek moet verwys is R. v. Wallendorf and Others 1920 A.D. 383, wat nie met culpa te doen het nie maar met dolus. Die appellante was ingevolge Art. 8(5) van Kaapse Wet No. 27 ~~van~~ van 1882 daarvan skuldig bevind dat hulle 'n polisiebeampte by die uitvoering van sy pligte weersta^san of gehinder het. Hierdie Hof was eenparig van mening dat mens rea, in die sin van die wete aan die kant van die dader dat hy met 'n polisiebeampte te doen het, 'n bestanddeel van die misdryf uitmaak, en die meerderheid van die Hof het aangeneem dat die appellante, behalwe een van hulle, toe hulle die betrokke beampte aangerand het terwyl hy iemand wou arresteer, nie geweet het dat hy 'n polisiebeampte is nie. In die meerderheidsuitspraak verwys Solomon A.R. na die algemene stelling actus non facit reum nisi mens sit rea, en merk dan op (bls. 394): " The general rule must, however, be understood " with certain qualifications. In the first place, it must " be noted that there may be a guilty mind even though there

" is an absence .../16

" is an absence of any intention knowingly to do the act
" which is prohibited by law. In many cases it is sufficient
if the accused intended to commit a crime, even though it
Q were different from that with which he is charged. Indeed,
" it has been held by many judges that the mere fact that the
" accused wilfully did something which he knew to be morally
" wrong supplies the mens rea which is necessary^r to constitute
" a crime. " Op bls. 397 gaan hy voort: " If mens
" rea is an essential ingredient in the offence, it is present
" here, for the evidence is clear that, whether or not the
" accused were aware of the fact that Mooney was a constable,
" they were guilty of committing an assault upon him. It has
" already been pointed out ~~that~~ in an earlier portion of this
" judgment that there may be sufficient proof of ~~a~~ a guilty
" mind if it is shown that the accused intended to commit a
" crime even though it be one different from that with which
" he is charged. In such a case a person who deliberately
" breaks the law must take the risk of his offence turning out
" to be of a more serious nature than he had intended. In
" my opinion the present is an instance of the application of
" this principle, and, as the accused were guilty of assaulting
" Mooney, it is immaterial whether or not they knew at the
" time that he was a constable. " Die appél is vervolgens

van die hand gewys. Die opset om Mooney aan te rand, al was die^c sonder die wete dat hy 'n polisiebeampte ~~was~~ is, is sonder meer gelykgeskakel met die opset om hom by die uitvoering van sy pligte te weerstaan of ~~te~~ te hinder, wel wetende dat hy 'n polisiebeampte is en as sulks optree.

Hiermee, asook met die hogenoemde ratio decidendi in Matsepe se saak, d.w.s. met 'n strafregtelike gevolgsaansprek-
likheid, sonder ^{wettlike} skuldverband tussen die dader en die gevolg wat hom verwyte word, op die grondslag van die leerstuk van versari in re illicita, vind ek dit, met alle eerbied, nie moontlik om my te vereenselwig nie.

Vir die stelling in ^{laasgenoemde} ~~hogenoemde~~ saak dat "all the authorities are agreed that if a person is engaged in an unlawful act and kills another he is liable for culpable homicide",
beroep ^{Hoofregter} De Villiers H.R. hom op Carpzovius en Boehmer, met 'n terloopse vermelding van 'n bewysplek in Voet ter vergelyking. Wat Carpzovius betref, is die verwysing na sy Praëtica Nova Rerum Criminalium (Deel 1 Quest. 27 No. 16)². In genoemde bewysplek is Carpzovius besig met die verskil tussen homicidium culposum en casuale en sê dat daarop gelet moet word of daar culpa voorkom of nie, want dit is slegs culpa wat die een van die ander onderskei. Die culpa kan van tweërlei aard wees: Primo, si quis dederit operam rei illicitae

secundo, si quis in re licita ac permissa non adhibuerit omnem diligentium. Hy sien dus wel die pleeg van 'n ongeoorloofde daad as 'n vorm van die vereiste culpa, maar uit wat hy in No. 9 sê wil dit blyk dat hy nie enige ongeoorloofde daad, onverskillig van welke aard, bedoel nie. Daar sluit hy die voorafgaande reeks voorbeelde van homicidium culposum af met die algemene omskrywing: et si qui alii consimiles evenerint casus in quibus homicida tenetur ob culpam, si nimirum in illicita, quod ad eum casum et eventum ut plurimum tendit, aut saltem verisimiliter tendere potest, versatus sit, etiamsi omnem diligentiam, qua caedem illam evitaret, adhibuisset. Hoewel dus, by 'n versari in re illicita, die aanwending van die nodige voorsorg om die dood te vermy, die gevolg volgens Carpzovius nie na toevallige doodslag verander nie, skyn dit nogtans 'n vereiste te wees dat die res illicita meesal tot die gevolg moet lei of tenminste waarskynlik daartoe moet kan lei. Dit moet dus 'n daad wees wat uit eie aard bereken is om die dood te veroorsaak. Dit toon ooreenkoms met wat hy in Deel 1 Quaest. 1 Nos. 29, 30, 62 en 64 in dergelyke verband leer omtrent moord en die bestraffing daarvan. Uit wat hy daar sê is dit duidelik dat hy by 'n geval van versari in re illicita nie die doodstraf opgelê sou wou sien nie tensy die daad minstens van so 'n aard

was dat die dader die dood van sy slagoffer kon en moes voorsien het. In No. 64 skyn hy selfs 'n strenger maatstaf te stel, nl. dat die dood as vanself en onmiddelik met die daad verbonde moet wees of noodwendig daaruit moet volg.

Boehmer, Elementa Jurisprudentia Criminalis (par. 203)

noem dieselfde voorbeelde van homicidium culposum, nl. waar iemand sonder dodelike opset versatus est in re illicita.

Afgesien van die voorbeelde wat hy noem, gee hy geen~~x~~ nadere omskrywing nie. Hy verwys slegs na Art. 134 van die C.C.C., wat handel oor "Straff so eyn Artzt durch sein Ätznei tödtet", en na Carpzovius Quest. 27, waarmee ek hierbo gehandel het.

Dit sou laat vermoed dat hy die beperkings wat laasgenoemde stel, nie betwis nie. Onder die voorbeelde noem hy, met verwysing na Carpzovius Quaest. 3 No. 42, die geval van iemand wat, terwyl hy in re illicita verkeer, 'n ander ~~met~~ per ongeluk met 'n nie-dodelike wapen om die lewe bring. T.a.p. het

Carpzovius dit oor die afwesigheid van dolus by iemand wat 'n ander dood deur hom met die plat hand 'n hou toe te dien. So

iemand word nie vir moord gestraf nie, maar skynbaar wel vir manslag. Hierdie voorbeeld is moeilik te rym met die ~~voorbeeld~~ ^{voorbehoud}

wat Carpzovius self elders ten aansien van die res illicita

stel. Dit wek twyfel omtrent Boehmer se eintlike mening in

hierdie verband, maar daaruit volg nog nie dat hy by manslag,

anders dan Carpzovius by sy meer algemene behandeling van die res illicita, aan die ongeoorloofde daad, sonder enige voorbehoud ten aansien van die aard daarvan, 'n meer omvattende uitwerking wou toeken nie. By sy behandeling van dolus indirectus in sy Meditationes in C.C.C., Art. 137 par. 6, noem hy die ongeoorloofde handeling as vereiste vir die bestaan van so 'n *shyn wel in par. 7 'n beperking op die aard van die daad te stel* dolus, maar deur die motivering dat hy wat die voorafgaande wil, ook die daaropvolgende wil, nie slegs waar dit noodsaaklikerwyse nie, maar ook waar dit geredelik en gewoonlik met die voorafgaande verbonde is. (Vgl. Swanepoel, Die Leer van Versari in re illicita in die Strafreg, bls. 38 en 39).

Die verwysing na Voet is na sy Commentarius 48,8, 2 en 9. In 2 begin Voet met die bewering dat die Lex Cornelia de Sicariis van toepassing is ook waar iemand per abuis, deur error in personam of aberratio ictus, 'n ander persoon dood dan dié wat hy om dié lewe wil bring, en wel omdat die vergissing of misslag nie die opset om te dood ophef nie. Dit sê hy, is nie strydig daarmee nie dat iemand wat sy slaaf met *dit* die vuil wil slaan en sonder dat hy wil 'n digby staande toeskouer tref, nie aanspreeklik is uit hoofde van 'n onregmatige daad nie, en ook nie as hy 'n vrye man dood, menende dat hy sy eie slaaf is nie. Hierdie sienswyse motiveer hy

as volg: Diversa namque eius ratio in eo est, quod is, de quo ibi agitur, versatus sit in re licita, modica scilicet coërcitione servi sui, vel quem putabat bona fide suum esse, per leges permissa: in re vero porsus illicita et in legem Corneliæ impingente is, qui occidendi voluntatem habens, alium pro alio è medio tollit. Voet gebruik hier weliswaar die terminologie van die versari-leer, maar ek kan daarin, in hierdie samehang, geen voldoende blyk vind dat hy 'n aanhanger van daardie leer was nie. Wat hy doen is slegs om die aanwezigheid van verwytbare opset in die eerste gevalle van doodslag te stel teenoor dāe, volgens Romeinse reg, nie-verwytbare opset by dāe aanranding of doodslag ^{op} ~~van~~ 'n slaaf. (Vgl. Matthaeus, de Crim. Ad Dig. 48,5 Cap. 3,12) In 9 weer, stel Voet, by wyse van uitsondering op die reël dat die doodstraf nie opgelê word waar kwaadwillige opset ontbreek nie, die geval van iemand wat met 'n aborsie-drink of minnebeker die dood veroorsaak, teenoor dié waar iemand 'n konsepsie-middel met noodlottige gevolge toedien. In die eerste geval volg die doodstraf, quia exempli pessimi res est, amicitiae specie homines necare, in die tweede geval verbanning, omdat die daad non intendebat rem illicitam, en voeg by dat dit nogtans 'n malum exemplum is om sonder kundigheid 'n beroep te

~~Die~~ beoefen waar die dader behoort te weet dat dit skadelik vir 'n ander sal wees. Hy gaan dan voort: Unde et apparet, ~~et~~ illos, qui dolo caruerunt, sed in culpa fuerunt, non tantum actione ex lege Aquilia aliave simili ad indemnitatem poenamque pecuniarium tendente, convenire posse (de quo ad tit. ad legem Aquil. actum ex professo) verum etiam extra ordinem poena quodam publica fuisse coercendos.

Ook hier kan ek die blote verwysing na res illicita, na aanleiding van 'n geval wat Voet skynbaar as 'n spesiale geval beskou, nie sien as aanvaarding van 'n versari-leer nie. Die geval waarop dit betrekking het regverdig Voet trouens uitdruklik met 'n vorm van nalatigheid (Sien ook 9,2,23), en dit is slegs by implikasie dat die begrip res illicita in die ander geval ingelees kan word. Daarnaas stel hy die gevalle onder die lex Aquilia, wat hy skynbaar as samehangende met die voorgaande beskou en waarby culpa 'n vereiste vir strafbaarheid sou wees. In die hoofstuk waar hy met laasbedoelde handel (9,2) kan ek niks vind wat daarop dui dat hy bereid was om 'n versari in re illicita as substituut vir werklike nalatigheid te erken nie. Indien dit wel die geval was, sou stellig verwag kon word dat hy dit duidelik en onomwonde sou doen met 'n nadere omskrywing van die aard van die ongeoorloofde daad

waaraan 'n regswerking toegeskryf word wat so sterk afwyk van die gewone vereiste van mens rea.

Afgesien van Voet, is daar verskillende vroeëre en latere skrywers wat nie die verrigting van 'n res illicita wat op dood uitloop, afdoende gereken het vir strafbare manslag nie.

Volgens Bodenstein, Phases in the Development of Criminal Mens Rea (S.A. Law Journal 1919 op bls 339) het die kommentatore Bartolus en Baldus reeds tussen culpa en casus fortuitus onderskei op 'n wyse wat nie 'n res illicita die rol van oorsaaklike culpa praecedens laat vervul nie. Ook by Duarenus, (~~de~~ Commentarius ad Leg. Cornel. de Sicariis Tit. 8 Cap. 1 en 2) en Donellus, (Opera Omnia^a Band 10 Cap.1 No. 9) kan ek niks vind wat aantoon dat die versari-gedagte deel van hul skuldleer uitgemaak het nie. Leyser, Meditationes Spec. 603,1-3, by sy behandeling van ~~die~~ animus occidendi indirectus, verwerp die versari-leer~~de~~ in sy latere gangbare vorm, soos deur Carpzovius en andere verkondig. Hy wys op die bewering dat bedoelde animus aanwesig sou wees wanneer iemand iets ongeoorloofs doen waaromtrent voorsien kan word dat die dood daaruit kan volg~~de~~, en bestempel dit as minder juis, omdat opset dan in die meeste gevalle waarin doodslag met nalatigheid gepleeg word, ^{bestaan} sou ~~intree~~, en strafbare manslag so die hoogste straf/verdien. ^{sou}

Daarop illustreer hy met 'n reeks voorbeelde hoe onaanneemlik

dit sou wees. (Vgl. Christiaeus, Decisiones 1 Dec. 97,4-6)

Swanepoel o.c. bls 41 e.v. noem 'n aantal ander gesaghebbendes van wie nie beweer kan word dat hul die versari-leer in enige vorm aangehang het nie. Dit is voldoende om na enkeles te verwys. Perezius, Ad Cod. 9,16,3, handel met dieselfde gevalle as Voet 48,8,9, sonder egter om enige versari-begrip daarby te betrek of enige uitwerking daaraan toe te ken. Wat die doodstraf betref wat die lex Cornelia op die toediening van 'n noodlottige minnebeker stel, sê hy dat so 'n daad vol gevaar is en dat die dader wel kan weet dat dit dikwels op die dood uitloop, maar noem dit nogtans 'n uitsonderlike geval, contra ^{*furis*} ius regulam, dat die doodstraf opgelê word waar die animus occidendi ontbreek. Dat die dader hom in 'n res illicita begewe het, beskou hy blykbaar as nie ter sake nie. Zoesius, Commentarius ad Dig. 9,2 Nos. 12-14, net soos Voet, maak geen gebruik van die versari-begrip/waar hy handel met die gevalle onder die lex Aquilia waarby aanhangers van die leer meermale aanknoping vind vir aanspreeklikheid sonder werklike nalatigheid. Ander skrywers, wat hul nie uitspreek oor die versari-leer nie, en dit nie aanwend om strafregtelike aanspreeklikheid buite die grense van 'n werklike skuldverband uit te brei nie, is De Groot (Inleiding, 3,33), Huber (Heedendaegse Rechtsgeleertheit 6,13) en Van der Linden

(Handboek 2,5,5-7). De Groot 3,33,7, soos ook sommige ander, verwys weliswaar na geoorloofdheid van daad, plek en wyse.

Hy sê nl.: " Maar waer ^{te} ~~te~~ dat iemand~~x~~ buiten alle versuim dede dat hem geoorloft was, ter gheoorlofder plaetse, ende op gheoorlofde maniere, ende daer door een ander quam te veronghelucken in sulcken ghevalle vermog hy, die buiten syne schuld de dood heeft veroorzaecht, landwinninghe verwerven van de hooge overheid, oock sonder zoen ende vergoeding."

Die klem val hier onteenseglik op die afwesigheid van skuld.

In die blote vermelding van ongeoorloofdhede kan ek nie 'n stilswyende erkenning van 'n versari-leer sien nie. Dit was 'n eeu-oue alombekende en belangrike leer, die betekenis en strekking waarvan nie vanselfsprekend was nie. As De Groot dit as deel van die geldende reg aanvaar het, sou ek meen dat hy nouliks die inhoud daarvan en sy opvattinge daaromtrent op hierdie sydelingse manier aan die verbeelding van sy lesers ~~sou~~ oorgelaat het. Dieselfde geld wat Huber, Van der Linden en andere betref, wat die hele onderwerp swygend verbygaan, op plekke waar iedereen sou verwag dat hulle dit sou behandel as hulle dit as deel van die geldende reg beskou het. Onder hulle moet ek ook Van der Keessel noem. Dit is, meen ek, nie sonder betekenis nie dat hy in sy Dictata op De Groot 3,33,7, sy opmerkings beperk tot die woord "landwinnighe",

sonder enige kommentaar op die implikasie van die geoorloofdhede wat De Groot bybring en sonder 'n enkele woord oor die versari-leer.

Uit die voorgaande wil dit blyk, meen ek, dat, hoewel daar steun in ons reg te vind is vir 'n versari-leer, so 'n leer geensins algemeen aanvaar was nie, en dat onder diegene wat dit wel gehuldig het, 'n belangrike voorbehoud ten aansien van die aard van die res illicita gestel is. Om, soos in Matsepe se saak gedoen is, sonder nadere omskrywing, die verrigting van 'n onwettige daad as toetsteen aan te wend, stem nie met die meer algemene mening van ons skrywers ooreen nie, en die bewering dat alle gesaghebbendes dit eens is dat hy wat 'n ander dood terwyl hy so 'n daad verrig, hom die straf vir manslag op die hals haal, is onjuis. Die versari in re illicita is in elk geval 'n uitgediende regsfiguur wat baie jare al nie meer inpas by meer resente en hedendaagse opvattinge omtrent strafregtelike verantwoordelikheid by misdade en misdrywe waarby mens rea 'n vereiste is nie. Oorspronklik het dit die goeie doel gedien en was dit ook bereken om 'n skuldlose gevolgsaanspreeklikheid, ooreenkomstig die stelling in poenis statutaris non inspicitur animus sed factum, te temper. Daardie funksie is lank reeds vervul en vandag kan dit slegs dien, nie om strafbaarheid

ooreenkomstig die eise van billikheid in te kort nie, maar om ~~strafbaarheid~~ dit teen die heersende regsgevoel in te handhaaf in gevalle waarin die afwesigheid van alle skuldverband of van die gewoonlik vereiste skuldverband tussen die dader en die ingetrede gevolg, strafbaarheid vir daardie gevolg anders sou uitgesluit het. Dit kan nie behou word sonder om die historiese funksie daarvan geheel-en-al verby te streef nie. Na my oordeel is dit om genoemde redes duidelik dat die leerstuk verkeerdelik in Matsepe se saak onderskryf is, en moet dit vir ons geldende reg verwerp word.

